## God gee lewe aan die wat in die geloof volhard

**Lees: Jakobus 1: 12 – 18** **Teks: Jakobus 1: 12**

Daar is net twee weë of paaie in die lewe wat ons elkeen kan volg. Dit is die pad van die Here, of die lewe of die pad van die satan of die dood. Die een is breed en die ander is smal. Die een is maklik en die ander moeilik.

Hoe lyk jou lewe en waar staan jy? Vir gelowiges werk dit so dat jy soms besig is met die een pad en dan soms met die ander. In hierdie gedeelte beskrywe Jakobus die twee weë en verduidelik watter rol ons en watter rol die Here in elkeen speel.

Die eerste een is die weg van die verderf, of die verkeerde weg. Dit is die breë werf wat geloop word. In vers 13 word dit baie duidelik gestel dat hierdie versoekings wat mense in lewe ervaar nie van God af kom nie. Ook verder kan ons nie God die skuld gee as ons verlei word nie. Duidelik verlei God niemand nie. Dit is die mense se eie skuld as hy verlei word.

Vers 14 en 15 is duidelik dat nie eers Satan die skuld gegee kan word nie. 'n Mens word verlei deur sy eie begeertes. Dit is soos lokaas. As jy nie weerstaan nie, dan word jy uitgelok en saamgesleep totdat jy die spesifieke sonde of sondes pleeg. Dit gebeur wanneer die sonde ryp word. En indien jy daarin volhard dan loop dit uit op die dood. Dit is die ewige dood.

Vir hierdie mense speel God geen rol in hulle lewens nie. Hy word nie erken nie, maar elkeen volg hulle eie begeertes. Dit is juis hulle wat waag om God die skuld te gee vir hulle sondes. Volgens vers 16 is hierdie mense op 'n dwaalspoor. Hulle mislei hulleself.

God is juis anders. Vers 17 vertel ons duidelik dat wat uit die hand van God kom is net goed. Elke goeie gawe kom van bo. Dit is selfs volmaak. Niks slegs uit Hom nie.

Ons moet besef dat een of ander tyd beland ons elkeen op een of ander wyse op hierdie paadjie. Sommiges vorder ver met die pad af en ander korter. Dalk is jy op die oomblik op so 'n pad. Die vraag is wil jy afkom? Wat maak jy om te sorg dat op die smal pad bly? Ons word opgeroep om weg te vlug. Daarom moet ons kyk hoe lyk die smal pad, die pad wat na die Here lei.

In vers 12 lees ons duidelik hoe daar gestel word dat 'n mens die versoekings kan weerstaan. Dit geskied alleen deur die geloof. Vers 5 is baie duidelik dat as jy wysheid kortkom moet jy van God bid. Maar jy moet gelowig bid. As jy die versoeking weerstaan dan verander dit in 'n beproewing. Dan vind daar geloofsgroei plaas en dan kan die volharding in die geloof voortgesit word.

Kyk net hoe mooi die seën of die beloning wat vir elkeen wat standvastig bly. Hy ontvang as oorwinningsprys die lewe. In vers 18 Jy word eersteling. Hierdie gedagte kom van die gedagte van eersteling gawes vanuit die Ou Testament. Jy is uitgesoek en staan in diens van God. Jou lewe is 'n offer in God se diens.

Vir so 'n persoon is die Here in beheer van hulle lewens. Hy speel die belangrikste rol daarbinne. Hy is hulle God en hulle volg sy wil en offer hulle lewens op vir Hom. Dit is hulle wat die seën van die Here in hulle lewens beleef en ervaar.

Waar is jy in jou lewe op hierdie oomblik? Watter weg loop jy nou? Is dit die breë en gemaklike weg wat God nie wil hê jy moet loop nie? Jy moet daar wegkom. Jy moet weghardloop en wegvlug daarvan. Kies die ander weg, die weg waar God in beheer is, waar Hy regeer en weet dat daar vir jou seën sal wees, 'n oorwinningsprys en as eersteling kan jy die Here dien met alles wat jy is en het.

**Ds. Neville Boy**
**20 Januarie 2019**